MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

2 MARCH 2011

Korrupsie: SA moet by Duitsers leer eerder as nog meer opdok vir Zuma se veelwywery
"Die Suid-Afrikaanse kiesers moet kennis neem dat dit nie net 'n Watergate kos om 'n hoë politieke figuur sy politieke kop te laat rol nie. Suid-Afrikaanse politici wat hulle aan onaanvaarbare gedrag of onbekwaamheid skuldig maak, klou te maklik soos nete aan hul ampte tot skade van die land." So reageer die leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP), ds. Theunis Botha, op die nuus dat die Duitse minister van Verdediging en skynbare kroonprins vir Angela Merkel, weens plagiaat met sy doktorale proefskrif bedank het.

"Sou soortgelyke norme in Suid-Afrika gegeld het, was hier al 'n reuse slagting onder kabinetslede en senior amptenare, en talle kaders wat op munisipale vlak ontplooi, en selfs na hulle vasgebrand het elders herontplooi is, sou lankal op die politieke ashoop beland het. Dit is ondenkbaar dat enige demokrasie, veral in 'n oorwegend Christelike omgewing, in 'n situasie gedompel sou word soos Suid-Afrika waar die belastingbetalers vir die president se veelwywery sou moes opdok. Die nuus dat die belastingbetalers boonop vir ampsmotors in bykans al die provinsies, vir Zuma se vroue en verloofde, benewens hul normale vervoer, sekuriteit en vele meer moet opdok, is uiters ontstellend. Waar is die Bybelse riglyne van die man wat so lief is om Bybelse uitsprake, hoe versteurd ook al, te maak?"

"In plaas hiervan word die gereelde uitsprake oor die vasvat van korrupsie in effek tot niet gemaak deur nie op te tree nie, en laat Suid-Afrika se 54ste posisie op die korrupsiepersepsie-indeks veel te wense oor. Met al die uitsprake teen korrupsie kon die land nie sy posisie sinvol verbeter nie, en neem handelsmisdaad volgens die polisie se misdaadstatitieke steeds skerp toe."

Corruption: SA must learn from the Germans rather than coughing up even more for Zuma's poligamy
The South African electorate should take note of the fact that it does not only require a Watergate to send a politician packing. South African politicians caught with their fingers in the cookie jar too often cling to positions despite being involved in unacceptable behaviour or not being properly equipt for the job. All to the detriment of the country and its people." So says Christian Democratic Party (CDP) leader, Rev. Theunis Botha, reacting to the news that the German Minister of Defence and heir apparent to Angela Merkel, has resigned because of plagiarism with his doctoral thesis.

"If similar standards were applied in South Africa, there would have been a massive exodus of shame from public office, ranging from Cabinet Ministers to municipal officials who are employed or even redeployed cadres. It is impossible to even imagine how, in a democracy and especially in predominantly Christian surroundings, the country can end up with tax payers having to cough up for the president's polygamy. The news that the tax payers may be expected to pay for official transport for the President's wives and even fiancée in most provinces and that on top of the normal transport and their security, is extremely disconcerting. This, coming from a man who frequently makes Biblical statements irrespective of them being extremely distorted."

"We hear enough talk about combating corruption, but this is effectively undermined by not acting against those guilty of this practice. South Africa's talk about corruption has no influence on the position it holds, of around 54^{th,} on the Transparency International's corruption perception index, while commercial crime increases year after year."

Nuuskommentaar: Openbare verantwoordelikheid, finis en klaar
Elke nou en dan kom dit aan die lig dat iemand se doktorale proefskrif uit dele plagiaat bestaan – dat die verwerwer krediet opgeeis het vir die werk van 'n ander. Die gevolge is skade en skande, en die titel "doktor" wat net kortstondig voor die naam gepryk het. En was die kwasi-doktor in 'n akademiese